DIE WES-KAAPSE REGERING
ONDERSTEUN LANDBOU

RAAK INGELIG SODAT
ONS **SAAM** ONS PROVINSIE **BETER**
KAN LAAT **GROEI.**

Wes-Kaapse Regering
Landbou

BETER TESAME.

LANDBOU-EKONOMIESE DIENSTE

Die ekonomiese sekuriteit van die Wes-Kaapse landbousektor is iets wat nie as vanselfsprekend aanvaar kan word nie, maar wat gekoester en gekweek moet word. In die uiters mededingende globale omgewing wat deur snelveranderende verbruikersvoorkeure en die markomgewing gekenmerk word, dien die dienste van hierdie program as steunpilaar vir hierdie sekuriteit. Die dienste word verskaf deur sy vier afdelings, te wete Bemarking en Agribesigheid, Produksie-ekonomie, Statistiek, en Makro-ekonomie en Hulpbronleer.

BEMARKING EN AGRIBESIGHEID

Toegang tot markte en inligting, regmatige deelname, teenhouding en herposisionering in volhoubare markte is party van die kritieke sake waaraan hierdie afdeling aandag gee. Die fokus is toegespits op die identifisering van markgeleenthede en risiko's deur navorsing, verpakking en verspreiding van sodanige inligting deur toepaslike kanale. Hoewel die navorsing wat gedoen word op tradisionele markte gerig is, is daar ook navorsing vir nis- en gedifferensieerde produkte en industrieë wat ontwikkel en ontgin moet word. Fasilitering van marktoegang om die benutting van geïdentifiseerde geleenthede in plaaslike sowel as internasionale markte te verseker is ook een van die dienste wat voorsien word. Hierdie komponent probeer ook die bedingingsvermoë van boere, uitruiling van deskundigheid en kollektiewe aanwending van hulpbronne deur fasilitering van samewerkende ontwikkeling verbeter. Die afdeling bevorder ook die ondersteuning van agribesigheid deur waardetoevoeging, voorsiening van adviesdienste om geleenthede te ontsluit wat deur die "AgriBee Charter" voorsien word, fasilitering van vennootskappe en die verkryging van befondsing vir groter belegging in die sektor.

PRODUKSIE-EKONOMIE

Met die verandering van die aard van mededingendheid van grondarbeid en kapitaal na inligting en kennis, is die bron van globale landbou-mededingendheid beliggaam in boerderystelsels en plaasbestuurspraktyke. Hierdie afdeling ontleed en doen navorsing oor die relatiewe mededingendheid van plaaslike boerderystelsels en bestuurspraktyke in verhouding tot internasionale beste praktyke. Die resultate van hierdie aksies is gehul in adviesverpakkings en onder die hele spektrum van kliënte versprei. Behoorlike klem word ook geplaas op advies in finansiële rekordhouding, begroting, sakeplanontwikkeling en -evaluering, en fasilitering van befondsingsalternatiewe.

STATISTIEK

Om neigings te moniteer en goeie besluite op alle verantwoordelikheidsvlakke (in sowel as buite die Departement) te neem is goeie en betroubare data of statistiek van kritieke belang. Dit is dus noodsaaklik om 'n omvattende databasis te ontwikkel om sekere wesenlike neigings in die landbousektor te moniteer. Die Afdeling Statistiek hou verskeie databasisse in stand wat wissel van ondernemingspryse tot grondprysbewegings, wildsoortpryse en pluri-aktiwiteitsdata en -inligting. Saamgevoegde data is gewoonlik aan kliënte beskikbaar. Die kliëntdatabehoeftes speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van nuwe databasisse op aanvraag. Die data word ook ontleed en verpak vir verspreiding deur verskeie platforms.

MAKRO-EKONOMIE EN HULPBRONLEER

Neigings en data is nie genoeg om goeie besluite te verseker nie, maar dit is nodig om die werklik deurslaggewende veranderlikes te suiwer en die impak daarvan op die landbou-ekonomie van die Wes-Kaap te evalueer. Soos wiskundige en gerekenariseerde modelle 'n voorstelling van die werklikheid is, kan die werklikheid onder gekontroleerde toestande 'verander' word om die impak van 'n spesifieke veranderlike te evalueer. Modelle is egter slegs 'n voorstelling en vereenvoudiging van die werklikheid. Gevolglik moet verskeie hoeke van dieselfde probleem ontwikkel word.

Die doel van hierdie afdeling is om die nodige sektor- en veelsektorvlakmodelle te ontwikkel en te gebruik om die impak van verskillende plaaslike en internasionale omgewings- en beleidsmaatreëls op die landbousektor en die ekonomie van die Provinsie te evalueer. Behoorlike klem word ook op navorsing oor hulpbronleer geplaas om volhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne in die konteks van klimaatsverandering (waardering en bestuur van die natuurlike hulpbronne, hernubare hulpbronne as alternatiewe; waterhulpbrontoewysing en -bestuur, landbou en die omgewing) te bevorder.

KOÖRDINERING VAN LANDELIKE ONTWIKKELING

Hierdie program voorsien die volgende dienste en ondersteuning:

- Fasilitering van die implementering van die Nasionale Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram in die 15 gekeurde landelike nodusse in die Wes-Kaap vir die tydperk 2010 tot 2014 om geleenthede vir groei en ontwikkeling te verbeter.

- Verbetering van die beeld en die sosio-ekonomiese toestande van plaaswerkers en hul gesinne deur hulle te voorsien van lewensvaardighede om hul lewensgehalte te verbeter.

ONTWIKKELINGSBEPLANNING

Die 15 landelike nodusse wat vir ontwikkeling gekeur is sluit die volgende in:

[1] Ceres, [2] Dysselsdorp, [3] Ebenhaeser – Lutzville-Wes – Papendorp – Strandfontein – Doringbaai, [4] Elandsbaai, [5] Knysna, [6] Leeu-Gamka – Merweville, [7] Malmesbury, [8] Mamre – Atlantis – Pella, [9] Matjiesfontein, [10] Mosselbaai, [11] Murraysburg, [12] New Horizons, [13] Struisbaai, [14] Suurbraak, en [15] Villiersdorp.

Die subprogram is verantwoordelik vir die volgende:

- Fasilitering van koördinasie van provinsiale departemente en plaaslike regerings-owerhede om dienste op 'n geïntegreerde wyse te lewer deur die vestiging van Interdepartementele Bestuurskomitees (IBK's);

- Institusionalisering van gemeenskapsorganisasiestrukture deur die vestiging van Rade van Belanghebbendes (RvB's) om gemeenskappe te bemagtig om nuwe gemeenskapsprojekte te identifiseer en te implementeer;

- Prioritisering van die implementering van ekonomiese, maatskaplike ontwikkeling- en infrastruktuurprojekte onder vennote in die private en openbare sektor om kritieke landelike behoeftes teenoor ekonomiese groei te hanteer;
- Vaardigheidsontwikkeling/opleiding vir die werkloses, en
- Die skep van volhoubare werkgeleenthede.

PLAASWERKER-ONTWIKKELING

Sleuteldienste en ondersteuning om die lewensgehalte van plaaswerkers en hul gesinne te verbeter sluit die volgende in:

- Fasilitering van die voorsiening van sosiale bewustheidsveldtogte;
- Fasilitering van vaardigheidsontwikkelings- en opleidingsgeleenthede vir plaaswerkers, hul gesinne en plaaswerkergemeenskappe;
- Koördinering van die betrokkenheid van verskillende regeringsdepartemente in die ontwikkeling van plaaswerkers en hul gesinne, en
- Aanbieding van die jaarlikse Wes-Kaapse Plaaswerker-van-die-Jaar-kompetisie.

GESTRUKTUREERDE LANDBOU-ONDERRIG EN -OPLEIDING

ELSENBURG LANDBOU-OPLEIDINGSINSTITUUT

Die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut is in 1898 gestig en was die eerste sentrum vir landbou-opleiding in Afrika. Die Kollege het in die Republiek van Suid-Afrika 'n voortreflike baanrekord in landbou en veral in die veld van landbou-opleiding verkry. Die opleidingsprogram word tans op Hoër Onderwys en Opleiding (HOO)- en Verdere Onderwys en Opleiding (VOO)-vlak aangebied. Die volgende kwalifikasies kan verwerf word:

- B.AGRIC.-GRAAD (3 jaar)
- HOËR SERTIFIKAAT IN LANDBOU (2 jaar)
- DIPLOMA IN LANDBOU (3 jaar)
- KORTKURSUSSE (NKR-vlakke 1 tot 4)
- LEERDERSKAPPE (1 jaar)

Die bogenoemde opleiding is gebaseer op plaasondernemings en -vereistes, met die hooffokus op die agro-ekologiese streke van die Wes-Kaap.

Die hoofvakke vir die B.Agric-graad is: Agronomie (Akkerbou) en Weiding, Groot- en Kleinveeproduksie, Pomologie, Groenteproduksie, Wingerdkunde, Wynkunde, Agritoerisme, en -voorligting. Enige twee van hierdie vakke moet as hoofvakke voltooi word en aangevul word met voorgeskrewe verpligte vakke.

Die Hoër Sertifikaat in Landbou is 'n tweejaarkursus waardeur gespesialiseer kan word in een van twee programopsies: dieselfde as vir B.Agric. behalwe Wynkunde.

Een doelwit is om 'n gesonde balans tussen teorie en praktyk te handhaaf en die filosofie van "Opleiding deur te doen" as 'n belangrike kenmerk tydens praktiese sessies toe te pas. Noue samewerking met navorsers van die Departement van Landbou en kommersiële boere is 'n spesiale ondersteunende kenmerk wat die onderrigstandaard verhoog.

DIPLOMA IN LANDBOU: Keldertegnologie

Opleiding in Keldertegnologie is baie gewild, met 85% van die wynmakers in die Wes-Kaap wat hulle kwalifikasies by Elsenburg verwerf het. Die praktiese opleiding wat voorsien word is uniek en voormalige studente verlaat die Instituut as professionele en bedrewe wynmakers met vakkundigheid op 'n kommersiële skaal.

Dit is 'n modulêre program wat daarop gerig is om kandidate as wynmakers op te lei.

DIE TOELATINGSVEREISTE IS 'N HOËR SERTIFIKAAT MET WYNKUNDE AS HOOFVAK.

DIPLOMA IN LANDBOU: Voorligting

Dit is 'n eenjaar- modulêre, empiriese opleidingsprogram wat handel oor die verskillende aspekte van Voorligtingkunde.

DIPLOMA IN LANDBOU: Groente en Agronomie

Dit is 'n eenjaar- modulêre, empiriese opleidingsprogram omtrent Produksie, Landboubestuur en Natuurlike Hulpbronbestuur.

DIE TOELATINGSVEREISTE VIR DIE BOGENOEMDE DIPLOMAS IS 'N HOËR SERTIFIKAAT.

DIPLOMA IN LANDBOU: Perdestudie

'n Tweejaar- Nasionale Instrukteurskursus vir Ruiters (voltyds) en deeltydse opleiding vir die hantering van perde en perdry is beskikbaar.

DIE TOELATINGSVEREISTE IS 'N MATRIEKSERTIFIKAAT MET WISKUNDE.

LEERDERSKAP: VOO-insette

'n Leerderskap is 'n gestruktureerde leerprogram wat op spesifieke uitkomste volgens die NKR-vlak van die leerprogram gebaseer is. Verskeie leerderskappe word op NKR-vlakke 1 tot 4 aangebied, wat deur AgriSETA geregistreer en deur SAQA geakkrediteer is.

KORTKURSUSSE

Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut verskaf ook kortkursusse vir plaaswerkers, kommersiële en hulpbronarm boere sowel as begunstigdes van die nasionale grondhervormingsplan. Meer as 35 verskillende kortkursusse word op plase, in landelike gemeenskappe, by die VOO-gedesentraliseerde opleidingskampusse of by Elsenburg, Outeniqua, Oudtshoorn, Bredasdorp en Clanwilliam aangebied.

Indien 'n werkgewer sy personeel in sy eie boorde of wingerde, en met sy eie toerusting, wil oplei, kan dit gereël word. Hierdie kortkursusse dek 'n groot verskeidenheid studieterreine, waaronder Besproeiing, Trekkerinstandhouding, AVCASA (verantwoordelike hantering van landbouchemikalieë), Bemarking, Finansiële Bestuur, Groenteproduksie, ens.

Daar word in hierdie kortkursusse gefokus op praktiese aanwendings, ondersteun deur relevante teoretiese beginsels. Wanneer dit voltooi is, sal studente oor die vaardighede beskik om die eise van die werkplek te hanteer.

NAVORSINGS- EN TEGNOLOGIE-ONTWIKKELINGSDIENSTE

Ten einde op hoogte van tegnologiese ontwikkelinge in die landbou te bly en om te verseker dat al die landboukundige rolspelers van die Wes-Kaap die mees gevorderde tegniese advies ontvang, voorsien die Departement tydige en relevante navorsings- en tegnologie-ontwikkelingsdienste in die ses distrikte van die Wes-Kaap. Dit is van die uiterste belang dat die navorsingsrand in 'n inligtingsrand omgesit word – dit beteken dat wetenskaplike inligting die kommersiële en kleinhoeweboer op plaasvlak moet bereik, wat ons boere meer volhoubaar en mededingend op plaaslike, nasionale en internasionale markte sal maak.

Omdat nywerheidsontwikkeling geweldige druk op ons natuurlike hulpbronne plaas, speel die Departement se hulpbronwetenskaplikes en geografiese inligtingsentrum 'n prominente rol om optimum gebruik van ons skaars hulpbronne, grond, water en natuurlike plantegroei, te verseker terwyl die landboupraktyke wat ons aanwend en navorsing alles op optimale hulpbrongebruik-doeltreffendheid gerig is. Die identifisering en prioritisering van navorsingsbehoeftes is van die uiterste belang, terwyl die opbou van netwerke met bedryfsorganisasies en ander vennote voortdurend versterk en uitgebrei word. Die program word gestruktureer in die subprogramme Navorsing, Tegnologie-oordragdienste en Infrastruktuursteundienste en funksioneer as die Direktorate Veekunde, Plantwetenskappe en Navorsingsteundienste. Die laasgenoemde direktoraat sluit die subdirektorate van Analitiese Dienste en Plaasdienste in.

Die navorsingsportefeulje van die Departement is hoofsaaklik in die Direktorate Veekunde en Plantwetenskappe gesetel, met 'n kleiner navorsingsportefeulje in die Direktoraat Navorsingsteundienste. Die program het ook sewe navorsingsplase wat as buitelug-laboratoria dien om ons navorsingspogings in die distrikte van die Wes-Kaap te ondersteun.

VEEKUNDE

Die Direktoraat Veekunde voorsien veekundige dienste aan produsente, konsentreer op herkouer- en akwakultuurnavorsing en sluit die dissiplines teling, reproduksie, voeding en bestuur in. Omvattende navorsingsfasiliteite sluit ook 'n voedingslaboratorium in, terwyl die Instituut die eienaar van elf kuddes en troppe van nasionale belang is wat noodsaaklik in die navorsingspoging is.

Is jy bewus daarvan dat die Direktoraat Veekunde

- Navorsing in die programme voeding, teling/genomika en bestuur van melkvee, skape, volstruise en akwakultuur doen?
- Sy navorsing toespits op die verbetering van produksiedoeltreffendheid in 'n verskeidenheid omgewings?
- Oor 'n wêreldbekende volstruisnavorsingspan en -fasiliteite beskik?
- Twee suiwelnavorsingsfasiliteite by Outeniqua en Elsenburg het?
- Projekte by Nortier, Langgewens, Elsenburg, Tygerhoek, Oudsthoorn en Outeniqua en op verskeie plase van produsente bedryf?
- Plaaslik, nasionaal en internasionaal met verskeie tersiêre instellings saamwerk aan verskeie navorsingsprogramme en -projekte?

PLANTWETENSKAPPE

Die Direktoraat Plantwetenskappe fokus op die terreine van volhoubare agronomiese, groente-, veld- en weidingsproduksiestelsels, alternatiewe gewasse, oesbeskerming in die areas van onkruidwetenskap, plantpatologie en entomologie, sowel as grond-plantinteraksies.

Is jy bewus daarvan dat die Direktoraat Plantwetenskappe

- Navorsing doen oor bewaringslandboupraktyke in graanstelsels asook weidingstelsels vir melkboerdery?
- Die enigste suiwelweidingsnavorsingsgroep in Suid-Afrika het wat biologiese grondbestuur verbind met weidingsbestuur en melkproduksie, gehalte en uiteindelik bruto winsmarges vir produsente?
- Baanbrekerswerk doen oor grondbiologiese navorsing in weiding in die Suid-Kaap?
- Navorsingsprogramme bestuur oor natuurlike weiding en veldbestuur, produksie van inheemse saad vir dor gebiede, onkruidwetenskap, entomologie, plantpatologie, kultivarevaluering, groente en alternatiewe gewasse?
- 'n Diagnostiese diens vir plantsiektes het?
- Navorsing doen op navorsingsplase by Nortier, Langgewens, Worcester, Elsenburg, Tygerhoek en Outeniqua?
- Kweekhuise, laboratoria en twee inheemse saadproduksie-eenhede by Worcester en naby Lambertsbaai het, sowel as implemente en toerusting vir veldproefnemings?
- Twee groot navorsingsproefnemings op plase in private besit in die Suid-Kaap gevestig het, wat nou navorsingsetels vir die Wes-Kaap op die terrein van graanproduksiestelsels is?
- Met verskeie tersiêre instellings in die Wes-Kaap en ander provinsies, die LNR en verskeie bedryfsorganisasies saamwerk?

NAVORSINGSTEUNDIENSTE

Die Direktoraat Navorsingsteundienste lewer 'n steundiens aan ons navorsingspan en eksterne belanghebbers. 'n Analitiese laboratorium vir grond-, water- en plantanalises voorsien 'n deurslaggewende diens aan wetenskaplikes en produsente in die Wes-Kaap. Dit voorsien ook grondkunde-, klimatologiese (risiko- en potensiaalbestuur), oesramings- en ruimtelike ontledingsdienste (GIS) aan 'n reeks kliënte. Die Direktoraat sluit ook infrastruktuursteundienste (plaasdienste) in met ons navorsingsplase wat by Nortier (naby Lambertsbaai), Langgewens (naby Moorreesburg), Elsenburg, Worcester (Veldreserwe), Tygerhoek (naby Riviersonderend), Outeniqua (naby George) en Oudtshoorn geleë is en funksioneer as buitelug-laboratoria waar navorsingsprojekte van besondere belang vir daardie streek aangebied word. Projekte en proefnemings word dikwels deur produsente en ander rolspelers van hierdie streke besoek. Ons plase dien ook as navorsingsetels vir tersiêre instellings, plaaslik en oorsee, en die institute van die LNR.

Is jy bewus daarvan dat die Direktoraat Navorsingsteundienste

- Ook navorsing in die programme van ruimtelike analise (GIS), risiko- en potensiaalbestuur en kennisbestuur doen?
- Navorsing doen oor klimaatsverandering en die impak daarvan op die gewasbedryf in die Wes-Kaap?
- Omvattende GIS-deskundigheid, -infrastruktuur en -toerusting het en besluitnemingsgereedskap aan interne en eksterne kliënte voorsien?
- 'n Kritieke rol speel ten opsigte van die voorsiening van inligting oor oesramings en die stand van landbou in die Wes-Kaap?
- 'n Breë provinsiale en nasionale kliëntebasis, waaronder ander departemente, plaaslike regering, agribesighede, ander belanghebbendes en boere, bedien met GIS- en pedologiedienste?

INLIGTINGSVERSPREIDING

Inligting wat uit navorsing voortvloei, word in effektiewe, probleemtoegespitste en gebruikersvriendelike tegnologiepakkette aan produsente versprei. Dit sluit plaasbesoeke en -konsultasies, lesings, wetenskaplike en gewilde dokumente, radiopraatjies, persvrystellings en verskeie ander vorms van tegnologie-oordrag in. Verskeie boere- en ander inligtingsdae word ook jaarliks gehou, wat die jongste inligting tot op distriks- en plaasvlak bring. Die Departement het ook sy eie gewilde publikasie, Agriprobe – 'n kwartaallikse publikasie vol interessante navorsingsartikels en ander onderwerpe. Die beroemde *Elsenburg Joernaal* is deel van hierdie publikasie.

ONDERSTEUNING EN ONTWIKKELING VAN LANDBOUERS (OOL)

Die Ondersteuning en Ontwikkelingsprogram van Landbouers (OOL) omsluit die breë ontwikkelingsagenda van die Departement van Landbou, wat beteken dat die ontwerp en implementering oorwegend vir die ondersteuning van swart boere in die Wes-Kaapprovinsie is, maar nie die kommersiële sektor uitsluit nie.

Hierdie program streef daarna om voorligting, ondersteuning en fasilitering van opleiding aan landbouers te voorsien, met spesiale klem op die ontwikkeling van kleinhoeweboere, die implementering van die grondhervormingsprogram en landelike ontwikkelingsprojekte van landbou.

ONS VOORSIEN DIE VOLGENDE DIENSTE EN ONDERSTEUNING

- Om 'n volhoubare ondersteuningsmeganisme vir nuwe en gevestigde landbouers (waaronder grondhervormingsbegunstigdes) te verseker;
- Om die impak van ingrypings wat deur die program gelewer is te meet;
- Om as hefboom te dien vir beleggings van die privaat sektor en kommoditeitsgroeperings;
- Om gehalte van advies en diensstandaarde aan landbouers te verseker;
- Om te verseker dat ons munisipaliteite en ander regeringsdepartemente help met die implementering van voedseltuine vir gemeenskappe en huishoudings.

DIE STRATEGIESE DOELWITTE

BOERVESTIGING EN -ONTWIKKELING: Om volhoubare grond- en landbou hervormingsprojekte te ondersteun deur die voorsiening van beplannings- en vestigingsteundienste.

VOORLIGTINGS- EN ADVIESDIENSTE: Om landbouers te ondersteun om produksie vir markte te verhoog deur die verskaffing van voorligtings- en adviesdienste; die fasilitering van opleiding vir kommersiële, kleinhoewe- en bestaansboere; die koördinering van landelike landbouprojekte en die fasilitering van organisasie-ontwikkeling en kapasiteitsbou van groepe landbouers.

VOEDSELSEKURITEIT: Om toegang tot bekostigbare en diverse voedsel te fasiliteer deur die koördinering en implementering van huishoudelike en gemeenskapsvoedsel-sekuriteitsprojekte, soos uitgelig en aanvaar in die Geïntegreerde Voedselsekuriteitstrategie van Suid-Afrika.

CASIDRA: Om die Departement te ondersteun met projekimplementering en staatsplaasbestuur.

VOLHOUBARE HULPBRONBESTUUR

Dit is die doel van hierdie program om volhoubare hulpbronbestuursoplossings en -metodologieë te verskaf deur die voorsiening van landbou-ingenieurswese en LandCare-dienste, proaktiewe kommunikasie, fasilitering en implementering van projekte asook tegnologie-oordrag aan ons kliënte en vennote.

Die program is ook verantwoordelik vir die implementering en bestuur van ramphulpskemas en om kommentaar te lewer op aansoeke om onderverdeling en/of hersonering van landbougrond.

Die program is in vier sub-programme gestruktureer:

- Ingenieursdienste
- *LandCare*
- Bestuur van Grondgebruik
- Ramprisikobestuur

INGENIEURSDIENSTE

BESPROEIING

Die besproeiingsafdeling is verantwoordelik vir verbetering van die effektiewe aanwending van besproeiingswater. Dit sluit die evaluering van besproeiingstelsels in – die ontwerpe sowel as die in-die-veld-evaluering – asook tegnologie-oordrag betreffende skedulering en stelselwerking. Die diens wat aan kleinboere voorsien word sluit die evaluering van waterhulpbronne en die ontwerp van besproeiingstelsels in.

MEGANISERING

Die meganiseringsafdeling lewer 'n volledige diens ten opsigte van meganiseringsbeplanning en die aanwending van plaasimplemente en -toerusting. Tegniese advies en ondersteuning word verskaf aan boere wat van konvensionele na bewaringsboerderypraktyke wil verander.

PLAASSTRUKTURE

'n Omvattende beplannings- en ontwerpdiens is beskikbaar vir dierehuisvesting en -hanteringsfasiliteite sowel as die hantering van afval van hierdie fasiliteite. Planne vir wateropgaardamme en plaaswerker-akkommodasie is ook beskikbaar. Bekostigbare dierehuisvestingstrukture word ook ontwerp vir kleinskaalse boere.

VOEDSELPROSESSERING EN WAARDETOEVOEGING

Tegniese advies word verskaf omtrent voedselprosessering op die plaas en waardetoevoeging tot produkte wat deur boere gelewer word. Dit sluit droging, verkoeling, inmaak en ander waardetoevoegende prosesse in.

GRONDBEWARING

Die diens wat deur hierdie afdeling voorsien word sluit die beplanning en ontwerp van ingewikkelde grondbewarings- en erosiebeskermingstrukture in.

LANDCARE

Die bewaring van die natuurlike hulpbronne van die Wes-Kaap is noodsaaklik vir die landboubedryf en alle inwoners van die Wes-Kaap wat regstreeks en onregstreeks van hierdie hulpbronne afhanklik is.

Die Departement konsentreer hier op die volgende terreine in nastrewing van sy missie om die natuurlike hulpbronne te herbou, te handhaaf en te verbeter deur doeltreffende bewaringspraktyke by alle grondgebruikers te bevorder.

- Hulpbronbewaringsprojekte deur middel van plaasbeplanning wat die ligging en ontwerp van beskerming, dreinering en veldgebruik spesifiseer.
- *LandCare*-projekte, wat konsentreer op die ontwikkeling van die natuurlike hulpbronne van voorheen benadeelde gemeenskappe.
- Proaktiewe hulpbronbewaringsprojekte, wat proaktiewe wyses van voorkoming van ekstensiewe agteruitgang van die natuurlike hulpbronne, byvoorbeeld areabeplanning, behels.

GRONDGEBRUIKBESTUUR

Beskerming van ons beperkte landbouhulpbronne is 'n prioriteit van die Departement en hierdie sub-program lewer kommentaar op alle aansoeke vir onderverdeling en/of hersonering van landbougrond.

Onderverdeling en hersonering van landbougrondevaluerings is gebaseer op beginsels van volhoubare landbou, naamlik sosiaal aanvaarbare, ekonomies lewensvatbare, ekologies moontlike, redelike produksie en langtermyn-volhoubaarheid. 'n Gesonde balans tussen hierdie beginsels is nodig wanneer 'n voorstel geëvalueer word.

RAMPRISIKOBESTUUR

Die fokus van hierdie sub-program is die verskaffing van steundienste aan kliënte met betrekking tot landbouramprisikobestuur. Die dienste wat voorsien word sluit risikovoorkoming en -tempering en hersteldienste na natuurrampe in.

VEEARTSENYKUNDIGE DIENSTE

Die program Veeartsenykundige Dienste is verantwoordelik vir die bestuur van diererisiko's en die veiligheid van voedselsoorte van diere-oorsprong in ooreenstemming met nasionale en internasionale standaarde en konvensies. Die regsmandaat vir die uitvoering van hierdie funksies is gesetel in die Wet op Dieresiektes, 1984, en die Vleisveiligheidswet, 2000. Die primêre fokus is op aktiewe en passiewe siektewaarneming, siektebeheer en voorkomingsintervensies, uitvoerfasilitering van diereprodukte en die lewering van 'n diagnostiese laboratoriumdiens.

DIEREGESONDHEID

Die algemene uitdaging vir die Dieregesondheid-komponent van Veeartsenykundige Dienste is om volledig aan die behoeftes van sy uitgebreide kliëntetal te voldoen en die risiko's wat deur globalisering gestel word vir die opdoen en verspreiding van diere- en voedselgedrae siektes effektief te bestuur.

Siektewaarneming- en -moniteringsaktiwiteite word aangepas en beweeg weg van hand- en fisiese inspeksies na 'n meer teikengedrewe en wetenskaplike benadering wat ondersteun word deur die effektiewe gebruik van vinnig en wetenskaplik verifieerbare tegnologieë en diagnostiese prosedures.

Hierdie komponent het die verantwoordelikheid om die Wet op Dieresiektes in die Wes-Kaap toe te pas. Amptelike veeartse en dieresiektetegnici wat binne 7 staatsveeartsenykundige gebiede in die provinsie gestasioneer is, voer die funksies uit wat deur hierdie Wet vereis word.

Benewens die bogenoemde regulatoriese verantwoordelikhede is amptenare baie nou betrokke by die bediening van die opkomende boerderysektor. Dit word bereik deur gereelde besoeke aan plase om lewende hawe te inspekteer en hulp te verleen met behandeling en inenting van diere, die versameling van diagnostiese monsters en die verspreiding van inligting oor voorkomende en korrektiewe dieregesondheid.

VOEDSELVEILIGHEID EN UITVOER

Die Voedselveiligheid- en Uitvoerafdelings is verantwoordelik vir die toepassing van die Vleisveiligheidswet. Staatsveeartse en vleisinspekteurs moniteer en ouditeer die aanwending van higiëneprosedures by abattoirs om voldoening aan die Vleisveiligheidswet te verseker.

Higiëne Bestuurspraktyke by abattoirs, vleis- en suiweluitvoerinstellings, die menslike behandeling van diere wat geslag moet word, die stel van standaarde vir nuwe abattoirs en die gradering van bestaande fasiliteite is belangrike funksies wat deur hierdie amptenare vervul word.

VEEARTSENYKUNDIGE LABORATORIUMS

Die Provinsiale Veeartsenykundige Laboratorium (PVL) op Stellenbosch lewer 'n diagnostiese diens aan die program, die private veeartsenysektor, ander departemente, soos Nasionale Gesondheid en Natuurbewaring, en handel wat met die landboubedryf geassosieer word.

'n Diagnostiese diens word ook aan die suiwel-, bees-, skaap-, vark- en renperdebedrywe gelewer, sowel as die pluimvee-, volstruis- en akwakultuursektore. 'n Veeartsenykundige laboratorium is ook by die staatsveeartsenykundige kantoor in Beaufort-Wes gevestig.

Kontak ons:
Tel: +27 21 808 5111
Faks: +27 21 808 5000
info@elsenburg.com
www.elsenburg.com
www.westerncape.gov.za
Privaatsak X1, Elsenburg, 7607
GPS: 18° 50'05.00"E 33°50'42.93"S

VISIE: 'n Verenigde, verantwoordelike en vooruitstrewende landbousektor in balans met die natuur.

MISSIE: Ontsluiting van die volle potensiaal van landbou om die ekonomiese, ekologiese en maatskaplike gesondheid van al die mense van die Wes-Kaap te bevorder deur:

- Aanmoediging van gesonde belanghebber-verbintenisse
- Bevordering van die produksie van bekostigbare, voedsame, veilige en toeganklike voedsel, vesel en landbouprodukte
- Versekering van volhoubare bestuur van natuurlike hulpbronne
- Uitvoering van voorpunt- en relevante navorsing en tegnologiese ontwikkeling
- Ontwikkeling, behoud en aantrek van vaardighede en menslike kapitaal
- Voorsiening van 'n bekwame en professionele voorligtingsteundiens
- Bevordering van marktoegang vir die hele landbousektor
- Bydrae tot die verligting van armoede en honger
- Versekering van deursigtige en effektiewe beheer en bestuur

BETER TESAME Die Wes-Kaapse Regering het 'n plig om geleenthede te voorsien. Inwoners het die verantwoordelikheid om daarvan gebruik te maak.

WAARDES

OMGEE

Om om te gee vir diegene wat ons dien en mee saamwerk.

BEVOEGDHEID

Die vermoë en bekwaamheid om die taak te vervul waarvoor ons aangestel is.

INTEGRITEIT

Om eerlik te wees en die regte ding te doen.

TOEREKENBAARHEID

Ons aanvaar verantwoordelikheid.

DEELNEMENDHEID

Om aan die behoeftes van ons inwoners en werknemers te voldoen.

Wes-Kaapse Regering

Landbou